

Vrydag 16 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:12-19

Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:12

Vertrou jou lewe aan God toe en doen goed

Hoewel ons dit nie tans in ons land in so 'n ernstige mate beleef nie, is die ervaring om ter wille van jou geloof te ly, 'n noodwendigheid. Petrus sê dit is 'n vuurproef en geen gelo-wige moet daarvoor verbaas wees nie, want dit is nie iets vreemds nie. Hy stel dit selfs ster-ker as hy sê: *“Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel ... en: “Ge-seënd is julle wanneer julle beledig word ter wille van die Naam van Christus.”*

Christenskap en lyding loop saam. Wanneer 'n mens vervolg word en beledig word ter wille van die Naam van Christus, is dit die bewys dat die Heilige Gees in jou woon. As ek en jy die Here se Woord onverskrokke verkondig en sy liefde onbevrees uitleef, sal die wêreld ons haat (vgl. Joh. 15:18, 19).

Hoe moet 'n gelowige die lyding hanteer? In die eerste plek moet jy seker maak dat jou lyding ter wille van Christus is, en nie as gevolg van jou eie sondige optrede nie. Verder is dit belangrik om te weet dat jy deur jou lyding steeds God verheerlik. Jy doen dit deur onder leiding van die Heilige Gees goed te doen – deur jou vyande lief te hê, vir jou vervolgers te bid en diegene wat jou kwaad aandoen, met die goeie te bedien (vgl. Rom. 12:18-21).

Op hierdie wyse het die duisende ongelowiges al die Here Jesus leer ken, want sulke teen-natuurlike optrede laat die heidene en goddeloses se monde van verbasing oopval. Hulle wil graag weet wat ons geheim is, en dan kry ons die geleentheid om die evangelie aan hulle te verkondig.

Sing: Skrifberyming 15-3

Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)